# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (38/11)

*Justin Chadwick (30 September 2011)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "When man is wrapped up in himself he makes a pretty small package."-John Ruskin, author, art critic, and social reformer (1819-1900)***

## BEKENDSTELLING VAN FRUIT SOUTH AFRICA (FSA) SE ETIESE HANDELSPROGRAM

Vroeër hierdie jaar is alle vrugte- produsente in Suid-Afrika van 'n Etiese Handel handboek voorsien – 'n omvattende gids tot die etiese verbouing van vrugte in suider-Afrika. Die verspreiding van hierdie boek vorm deel van 'n wyer etiese handelsinisiatief.

U word hartlik uitgenooi om die bekendstelling van Fruit South Africa se etiese handelsprogram by te woon: Datum: **5de Oktober 2011.** Plek: Garden Court Hotel, OR Tambo Lughawe, Johannesburg (die hotel bied 'n spesiale tarief van R902.00 B & B aan vir persone wat akkommodasie verlang (normale Korporatiewe tarief R1 199.00 B & B)). Daar is maklike toegang na en van OR Tambo Lughawe; Tyd: **8:45–13:00** (middagete sal beskikbaar wees); RSVP: Antwoord asb na Elmarie@ifmza.com; Daar is geen koste vir bywoning van die geleentheid nie.

## SUID-AFRIKA – RUSLAND INTER-REGERING SE HANDELS-EN EKONOMIESE KOMITEE (ITEC)

Gister het die ITEC se komitees vergader om vordering met betrekking tot die aanmoediging van handel tussen Suid-Afrika en Rusland te bespreek. Die Voorsitters van die Komitee het weer bevestig dat die doel van ITEC is om bilaterale handel tot US$ 1 biljoen te laat groei. Tans wys die handelsyfers dat die bilaterale handel in die orde van US$ 500 miljoen is. In 2009 was Suid-Afrikaanse uitvoere vir R1.5 biljoen verantwoordelik (onder US$ 200 miljoen); waarvan vrugteuitvoere vir 50% verantwoordelik was (en sitrus 35%). Daarom was dit verbasend dat die ITEC slegs een verteenwoordiger van die vrugtebedryf by die vergadering gehad het; en vrugte is nie deur enige van die nege komitees van die ITEC bespreek nie. Ek sou gedink het dat hierdie liggaam ondersoek sou instel na hoe diegene wat tans suksesvol in Rusland is, dit laat werk, wat kan gedoen word om voort te bou op die sukses, en hoe ander kan leer om besigheid te doen van diegene wat reeds besigheid in Rusland doen. Wat presies doen die ander 200 afgevaardigdes by die ITEC in terme van werklike handelsvloei? aar is baie aksies wat geneem kan word om die vrugtebedrywe se uitvoere van US$ 100 miljoen na Rusland te laat groei. Waarskynlik die belangrikste sal enige vorm van uitvoer- of kredietwaarborg wees – wat meer sal aanmoedig om hierdie mark te betree en te laat groei. Daar benewens sal beleggings in koelkamers by St Petersburg meer opsies en beter diens aan die Russiese mark beteken (en markte verder in Oos-Europa). Uitruiling van inligting is ook belangrik in die skep van sekerheid in die Russiese mark. Beter voorraadpryse, invoervolumes, verkope en prysinligting sal bydra tot meer ingeligte besluitneming.

## PLAAGPROGRAM DVD

Alle produsente in suider-Afrika sal in die volgende week 'n stel DVDs ontvang wat deur die Sitrus Akademie ontwikkel is en wat die verskillende aspekte van plaagbeheer dek. Die stel bestaan uit twee DVDs – een met die moniteringsmodule en die ander met 'n inleiding tot die GPB module, 'n voor oes letsel- analise module en 'n module oor interpretering van moniteringsresultate. Daar sal ook 'n CD wees met leerhulpmiddels wat uitgedruk kan word. CGA en sy produsente-lede is verbind tot volhoubare verbouing van sitrusprodukte.

## DAGBOEK 3 NOVEMBER VIR DIE FINALE CMF VAN 2011

Die finale CMF vergadering sal op 3 November by Olive Grove, LNR Infruitec, Stellenbosch gehou word. Dagboek asseblief hierdie datum want ons gaan terugkyk op 2011 en vooruit vir 2012 beplan. Terugvoering sal verskaf word oor die gehalte werkswinkels, (gehou op 7 September), DAFF se Koördineringsvergadering (gehou op 8 September), CBS risiko bestuursisteme en alle ander aspekte rakende die uitvoer van sitrus. PPECB sal 'n opdatering van die EDIN projek verskaf. As daar enigiets anders is wat jy by die agenda wil voeg, kontak my asseblief.

## GEPAK EN VERSKEEP

Die pak van Valencias in die Oos-Kaap is in volle swang en met die goeie, mooi vrugte van gesogte groottes, het die Valencia Fokusgroep verneem dat die skatting vir daardie streek toegeneem het. Die voorspelling neig nou nader na die oorspronklike skatting. Die syfer van wat verpak is, is nou amper dieselfde as die syfer van verpakking in 2009 tot week 38. Met beter marktoestande in die meeste markte, sien Valencia produsente uit na 'n goeie afsluiting van die seisoen.

| Tot Week 38 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Oorspronklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak | Finaal Verskeep |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2009 | 2010 | 2011 | 2010 | 2011 | 2011 | 2011 | 2010 | 2010 |
| Pomelo's | 14 m | 12.5 m | 16.2 m | 12.5 m | 16.2 m | 14.7m | 16.2 m | 12.5m | 12.2m |
| Sagte Sitrus | 6.8 m | 7.5 m | 6.9 m | 7.2 m | 6.9 m | 7.9m | 7.3 m | 7.5m | 7.1m |
| Suurlemoene | 8.4 m | 9.6 m | 10.6 m | 8.3 m | 10 m | 9.8m | 10.6 m | 9.6m | 9.4m |
| Nawels | 19.4 m | 22.9 m | 20.7 m | 60.9 m | 56.5 m | 19.4m | 20.7 m | 22.9m | 22.6m |
| Valencias | 36.1 m | 43.4 m | 36.9 m | | | 42.9m | 41.1 m | 46.5m | 45.9m |
| | 84.7 m | 95.9 m | 91.2 m | 88.9 m | 89.6 m | 94.7m | 95.9 m | 99m | 97.2m |

*** Neem asb kennis dat 2011 se syfers vir verskeping vir ALLE lemoene is – PPECB kan nie betroubare syfers vir verskeping verskaf nie.**

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**